OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c Thursday 28 February 1985 **WINDHOEK** Donderdag 28 Februarie 1985 No. 5010

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 25 Amendment of amounts of levy and special levy under the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 1

No. AG. 26 Closing of a portion of farm road 1777: District of Gobabis 2

No. AG. 27 Repayment of loan portions paid in respect of 1978, 1979 and 1980 years of assessment 3

GENERAL NOTICES

No. 36 Permanent closing of Kolonnenstreet 3

No. 37 Permanent closing of portion of Public Open Space, Erf 2115, Extension 10, Katutura 4

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Nr. AG. 25 Wysiging van bedrae van heffing en spesiale heffing kragtens die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 1

Nr. AG. 26 Sluiting van 'n gedeelte van plaaspad 1777: Distrik Gobabis 2

Nr. AG. 27 Terugbetaling van leningsgedeeltes betaal ten opsigte van 1978, 1979 en 1980 jare van aanslag. 3

ALGEMENE KENNISGEWINGS

Nr. 36 Permanente sluiting van 'n gedeelte van Kolonnenstraat 3

Nr. 37 Permanente sluiting van 'n gedeelte van Erf 2115, Uitbreiding 10, Katutura (Openbare Oop Ruimte) 4

Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 25 1985

AMENDMENT OF AMOUNTS OF LEVY AND SPECIAL LEVY UNDER THE KARAKUL PELTS AND WOOL ACT, 1982

Under section 18, read with section 26(2), of the Karakul Pelts and Wool Act, 1982 (Act 14 of 1982), I hereby amend, on the recommendation of the Karakul Board of South West Africa, with effect from 1 March 1985 the amounts of the levy and special levy imposed under Government Notice AG. 15 of 1982 by the substitution in the Schedule to the said Government Notice for the amounts "13,38c" and "64,62c" of the amounts "20,6c" and "92,4c", respectively.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 30 Januarie 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 25 1985

WYSIGING VAN BEDRAE VAN HEFFING EN SPESIALE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP KARAKOELPELSE EN WOL, 1982

Kragtens artikel 18, gelees met artikel 26(2), van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982 (Wet 14 van 1982), wysig ek hierby, op aanbeveling van die Karakoelraad van Suidwes-Afrika, met ingang van 1 Maart 1985 die bedrae van die heffing en spesiale heffing opgelê by Goewermentskennisgewing AG. 15 van 1982 deur in die Bylae van genoemde Goewermentskennisgewing die bedrae "13,38c" en "64,62c" deur, onderskeidelik, die bedrae "20,6c" en "92,4c" te vervang.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 30 January 1985

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 26 1985

CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1777: DISTRICT OF GOBABIS

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Administrator-General has, under section 22(1)(c) of the said Ordinance closed the portion of farm road 1777 in the district of Gobabis, described in the Schedule and shown on sketch-map P1094.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1094) on main road 39 on the farm Remainder of Buyskes 13 generally west-south-westwards and more and more westwards across the said farm and the farm Portion 1 (Concordia) of Buyskes 13 to a point (B on sketch-map P1094) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Remainder of Chamanoudon 549.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 26 1985

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1777: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie die gedeelte van plaaspad 1777 in die distrik Gobabis wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1094 aangetoon word, gesluit het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1094) op grootpad 39 op die plaas Restant van Buyskes 13 algemeen wessuidweswaarts en al meer weswaarts oor genoemde plaas en die plaas Gedeelte 1 (Concordia) van Buyskes 13 tot op 'n punt (B op sketskaart P1094) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Restant van Chamanoudon 549.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. AG. 27 1985

REPAYMENT OF LOAN PORTIONS PAID IN RESPECT OF 1978, 1979 AND 1980 YEARS OF ASSESSMENT

Under paragraph 6 of the Fifth Schedule to the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962), read with section 101(2) of the Income Tax Act, 1981 (Act 24 of 1981), the Administrator-General has, in respect of the 1978, 1979 and 1980 years of assessment, determined 28 February 1985 as the date after which the loan portions paid in respect of such years of assessment shall be repaid in accordance with the provisions of the said paragraph 6.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. AG. 27 1985

TERUGBETALING VAN LENINGSGEDEELTES BETAAL TEN OPSIGTE VAN 1978, 1979 EN 1980 JARE VAN AANSLAG

Die Administrateur-generaal het kragtens paragraaf 6 van die Vyfde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), gelees met artikel 101(2) van die Inkomstebelastingwet, 1981 (Wet 24 van 1981), ten opsigte van die 1978, 1979 en 1980 jare van aanslag 28 Februarie 1985 bepaal as die datum waarna die leningsgedeeltes wat ten opsigte van bedoelde jare van aanslag betaal is, ooreenkomstig die bepalings van genoemde paragraaf 6 terugbetaal word.

General Notices

No. 36 1985

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND

PERMANENT CLOSING OF A SECTION OF KOLONNENSTREET

Notice is hereby given in terms of section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963, (Ordinance No 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Swakopmund proposes to close permanently, a section of Kolonnen Street as indicated on plan 787 842 which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator-General and the Town Clerk within thirty (30) days from the date of publication of this notice.

A G AURET
TOWN CLERK

Algemene Kennisgewings

Nr. 36 1985

MUNISIPALITEIT SWAKOPMUND

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN KOLONNENSTRAAT

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), soos gewysig, dat die Munisipaliteit Swakopmund van voorneme is om 'n sekere gedeelte van Kolonnenstraat soos aangedui op plan nr 787 842 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit.

Besware teen die voorgenome transaksie moet binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur-generaal en die Stadsklerk bestel word.

A G AURET
STADSKLERK

No. 37 1985

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF PORTION OF PUBLIC OPEN SPACE, ERF 2115, EXTENSION 10, KATUTURA

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963, (Ordinance no. 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/1501/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Portion 1 of Public Open Space Erf 2115, Extension 10, Katutura.

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P.O. Box 59, Windhoek.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

No. 37 1985

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 2115, UITBREIDING 10, KATUTURA (OPENBARE OOP RUIMTE)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/1501/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat ter insae lê, permanent te sluit:

Gedeelte 1 van Openbare Oop Ruimte Erf 2115, Uitbreiding 10, Katutura.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183 (3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika